

# sig

nuusbrief



Durbanville  
Gemeente

saam in diens van God se nuwe wêreld

## Om te GROET

- Ds Freek Serfontein

**En wees dankbaar** (Kol 3:15). Ek lees die woorde vanoggend in my stiltetyd. Dit kom uit 'n mooi gedeelte oor hoe die lewe van 'n Christen behoort te lyk. Dis prakties en nugter. Op die man en vrou af. Riglyne om ons in ons nuwe lewe as volgelinge van Jesus Christus te help. Dinge waarvoor ons kan bid en werk.

Vanoggend steek ek by die stukkie oor dankbaarheid vas. Miskien het dit met die feit te doen dat ek die gemeente teen die einde van Junie moet groet. Die afgelope weke kom ek agter dat die gedagte daaraan kort-kort by my opkom. Partykeer is dit soos iets wat my wil vasdruk sodat ek benoud raak. Maar as ek dan met die Here daarvoor praat, is dit die gevoel van dankbaarheid wat elke ander gedagte verdring. En hoe meer ek aan die tyd dink wat ons so

in 'n erediens was waarvoor ek nooit genoeg dankbaar kan wees nie. Die woorde van Psalm 84 vers 4 vat dit vir my mooi saam: *Almagtige, my God, my Heer, in wie se huis ek graag verkeer...*

In die aangename herinneringe wat ek aan eredienste in die kerkgebou het, het die kerkorrel nie 'n geringe aandeel nie. In die gemeente waarin ek grootgeword het, het ons 'n pyporrel gehad. Dit het 'n beslissende bydrae tot my spiritualiteit gelewer. Hier in Durbanville het orreliste soos Amanda Luyt, Christo Bezuidenhout, Stephan Ackermann en Bardene Bell daarop voortgebou. Of dit was wanneer ons saam met die orrel gesing het en of dit hulle goed voorbereide spel voor, tydens of na die diens was, dit was vir my tot seën. Daarvoor sal ek altyd dankbaar wees.

Met net soveel dankbaarheid en waardering dink ek terug aan die kerkkoor wat deur hulle deelname soveel keer besondere kleur aan 'n erediens gegee het.

In 'n gemeente het 'n mens aanmekaar met mense te doen. Saam met sommige het jy die voorreg om 'n besondere pad te stap rondom 'n krisis, siekte of die dood. As ek aan baie ervarings in die verband terugdink, onthou ek hoeveel seën ek saam met



Freek en Santa

bevoorreg was om in Durbanville te woon en te werk, hoe groter groei my dankbaarheid teenoor die Here.

Ek kan nog so goed die eerste keer wat ek die kerkgebou binnegestap het, onthou. Dit was vir my 'n oorweldigende ervaring. Die eiesoortige atmosfeer van die historiese ou kerkgebou het my totaal oorrumpel. Natuurlik weet ek dat die lewende Here oral teenwoordig is, maar in my lewe sal hierdie kerkgebou altyd uitstaan as een van die plekke waar ek die Here se teenwoordigheid op 'n besondere manier ervaar het. Dis asof die Here my daardie dag voorberei het vir wat nog sou volg. Wanneer ek nou terugkyk, was daar soveel kere wat ek in hierdie kerk

Almagtige, my God, my Heer, in wie se huis ek graag verkeer...

Psalm 84:4

lidmate ontvang het. Van die mense vir wie ek oor die jare goed leer ken het, het gesterf. Tog dank ek die Here nou nog as ek aan van hulle terugdink, omdat ek saam met hulle en by hulle, so baie geleer het.

Ek was bevoorreg om al die jare in Durbanville deel van 'n besondere span medeleraars te wees. Die span het 'n paar keer verander, maar elke keer het die Here ons gehelp om die nuwe spanlid te aanvaar, 'n paar aanpassings te maak en positief saam te werk aan die koms van God se koninkryk, God se nuwe wêreld. Aan elkeen van hierdie baie besondere mense: baie dankie. Ek sal nie ophou om vir julle te bid nie.

My laaste woord is 'n omvattende dankie aan almal in die gemeente wat met ons saam gewerk het die afgelope amper 19 jaar. Dankie vir julle liefde en verdraagsaamheid. Dankie vir opofferings en harde werk. Dankie vir julle gebede en goedgesindheid. Die Here se seën vir elkeen van julle!

# Uit die Woord - *Jesus vorm 'n nuwe gemeenskap!* - Ds Rian Verster



Jesús het anders as die kultuur van sy tyd, veral godsdienstige of kerklike kultuur, ook 'n oog gehad vir mense wat nie in die samelewing gereken was nie. Hy het met groot groepe mense gepraat, maar ook tyd gehad vir tollenaars en sondaars, asook mense wat in nood was.

Die feit dat God se hart so is, lees ons al in die Ou Testament. Hy ontferm Hom oor 'n klompie slawe in Egipte. Hy bevry hulle uit slawery, gee vir hulle 'n nuwe identiteit by Sinaï (volk van God) en sluit 'n verbond met hulle. Dit beteken Hy beloof om hulle God te wees. Nie net vir hulle onthalwe nie, dis baie

belangrik, maar sodat hulle 'n getuigenis sou uitleef wat tot seën vir die nasies sou word.

Met die uitstorting van die Heilige Gees op Pinksterdag vernuwe God Sy verbond met mense. Die krag van die Heilige Gees word dikwels in die Bybel beskryf as God se vermoë om lewe te wek! Enkele voorbeelde: In Genesis 1 skep God lewe uit niks. Die stories van die kinderlose Sara en Hanna. Die visioen van Esegïel van dooie beendere wat vleis en lewe kry. Maria, die jong meisie, wat Jesus se ma word.

Dis wonderlik om te lees van die apostels se getuigenis, met die uitstorting van die Heilige Gees op Pinksterdag, en die verrassende gevolg daarvan. Drie duisend mense het tot geloof gekom en elke dag is mense gered en het hulle by die gemeente aangesluit. 'n Nuwe gemeenskap!

Die nuttheid van hierdie gemeenskap maak mens jaloers, dit werk nie altyd so nie. In sy eerste brief aan die gemeente in Korinte sê Paulus: "Ek kon nie met julle praat soos met mense wat hulle deur die Gees van God laat lei nie ..." Maar in hoofstuk 12 is hy opgewonde oor die manier waarop die Here deur sy Gees elkeen toerus, sodat 'n nuwe gemeenskap, die liggaam van Christus, as gemeente kan funksioneer!

# Uit die Wêreld

## *Viva la Vida* - Ds Tinus van Zyl



Die afgelope tyd handel al hoe meer populêre boeke, films, TV reekse en musiek-albums oor die dood en die lewe daarna. Ons lees en kyk en sing heel gemoedelik saam, maar as 'n mens vir 'n oomblik daaroor nadink, besef jy dat dit wat gesê word, dikwels baie oppervlakkig is. Een van my gunsteling musiekgroepe, Coldplay, se nuutste album, *Viva la Vida*, handel amper in totaliteit oor die lewe en die dood. Die groep sukkel egter om verder te dink oor die dood as die sentimentele soetsappighede van die huidige tydsgees. In een lied sing hulle: "If sweet death should ever come for me ... I hope sweet heaven is the place for me." En in 'n ander lied: "Those who are dead are not dead, they're just living in my head."

Wat glo en bely die kerk oor die dood en die lewe daarna? Dit wat baie mense dink die Bybel sê oor die dood, is gewoon onbybels. Dat ons 'n ewige siel het, dat die dood 'n soete verligting van ons aardse (slegte) liggame is, dat die hemel 'n plek in die hemelruim is waar ons op wolke gaan ry, is nie Christelike oortuigings nie, maar die Griekse filosofie van Plato.

Die kerk glo en bely iets vreemd en verrassend oor die dood. Ons glo dat die dood 'n verskriklike mag is, maar dat daardie mag deur Jesus se opstanding uit



die dood oorwin is. Ons glo nie dat ons siele hemel toe gaan nie, maar dat die hemel aarde toe gaan kom, en dat Jesus die hele aarde nuut gaan maak, ook ons gebroke, nietige liggame. Ons glo nie dat Jesus aarde toe gekom het sodat ons kan wegvlug na die hemel nie, maar dat Jesus gekom het om die aarde te herskep, en om van ons medewerkers te maak van hierdie herskeppingswerk, wat nou reeds begin. Jesus se kruisdood verbreek alle naïwiteit oor die mag en die krag van die dood, en Jesus se opstanding vernietig alle sinisme dat die dood die finale sê oor ons lewe sal hê. Ons lewe met 'n realistiese hoop: Jesus het opgestaan en ons sal ook; Jesus maak alles nuut, en ons is saam met Hom in diens van God se nuwe wêreld.

# Om met Jesus te leef ...

- Mariëtte Steyn

Ek onthou Pinkster uit my kinderdae as die lekkertyd van vooraf saamsing, gemeentesamesyn, 'n gesin wat skarrel om betyds by die kerk te kom – maar jy mis dit vir niks nie – en ons dik wintersjassies om die ysige koue van die Vrystaatse dorpie waar ons gewoon het, uit te hou.

Pinkster ... Wat het verander? Dit is steeds 40 dae na Paasfees! Elke jaar so voorspelbaar. "Is iets nuuts nog moontlik?" kan jy jousef met reg afvra. En dan kom jy daar en jy ervaar weer van vooraf 'n nuwe manier hoe God tot ons spreek. Ons predikante het met die keuse van die onderwerp, Om met Jesus te leef ..., "raakgevat". Dit het ons daaglikse bestaan, daaglikse verhoudings en daaglikse krisisse aangespreek. Elke aand was 'n nuwe ervaring, 'n nuwe beleving, 'n nuwe bewusword van hoe Jesus deel is van ons lewe.

Die opkoms na vanjaar se Pinksterdienste getuig van die sukses daarvan. Daar is bietjie afgewyk van die afgelope paar jaar se meditasie-dienste en een van die wonderlikste dinge wat my opgeval het, was die heerlike voorsang en die groot gemeentebetrokkenheid deurdat gebruik gemaak is van lidmate om ervarings en kennis met die pinkstergangers te deel. Kenners het hul ervarings en belewings gedeel ter aansluiting by die preek en van elke aand 'n wonderlike beleving gemaak wat mens net meer begeester het om die volgende aand weer daar te wees.

**Vir Deon en Marika la Grange was Pinkster 2009**  
"Voorwaar enig in sy soort, want twee mense wat aanmekaar behoort het saamgegaan om Jesus te leer ken in al die fasette van ons lewens. Groot was die beleving om aand na aand na iemand anders se opregte getuienis te luister. Dit was 'n werklike ervaring om te besef Jesus gee uitklaring in al die fasette van die lewe. Selfs in dié van doodgewone mense. Ons het geleer om te lewe sonder om te bewe, want Jesus LEWE saam met ons! Ons moet Hom net elke dag vra om ons te omvou met sy Wysheid, Liefde en Groot Genade. Hy voorsien aan ons (doodgewone mensekinders) so onverdiend. So hoe kan ons anders as om 'n pad saam met Hom te stap? **Wat 'n Vriend is U Heer Jesus!!!!**"

**Esther Blackaller sien Pinkster so:** "Om te leer leef met Jesus in 'n lewende 'rêrige' verhouding omdat God die grootste geskenk aan ons gegee het,



Jesus Christus en die **Heilige Gees** wat by ons is soos 'n kledingstuk. Die verskil is, dat die kledingstuk so besonders is, want dit sit soos 'n tweede vel aan ons. As ek soggens aantrek, herinner dit my hieraan dat ek reeds geklee is, omhul is met Hom en dat niks of niemand die reg het om my daarvan te ontnem nie. Daarom moet my leefwyse juis daarvan getuig. Dit is die fluistering vir my, juis in slegte situasies, in vasgeloopte paaie dat 'U my die paaie van die lewe leer en U teenwoordigheid my met vreugde sal vul.' (Hand 2:28)"

**Johan Benadé som Pinkster so op:**  
"Pinkster rig elke jaar 'n appél tot elkeen wat bely dat Jesus die Here is. Met hoeveel mense het jy hierdie afgelope week oor Jesus gepraat?"

Teenoor hoeveel mense wat weet dat jy 'n christen is, het jy nie in liefde opgetree nie? Ken jou vriende die Here? Dit is binne ons Afrikanerkultuur bedreigende stellings. Ek haal aan uit ds André van Wyk se preek: 'Daryll Guder praat van:

- Being the witness
- Doing the witness
- Saying the witness'

Getuig jy elke dag en oral deur wie jy is, deur wat jy doen en deur wat jy sê? Daar is 'n goeie rede hoekom die volgorde juis *Being*, *Doing* en dan *Saying* is – nie net deur wat ek sê nie. Ons het die opdrag ontvang om te getuig van Jesus se liefde en God se genade vir hierdie wêreld. Ons getuienis is ons 'bemarking' van ons Christenskap. Pinkster het ons die geleentheid gegee om selfondersoekend te wees tov elke sfeer van ons lewe. Selfs in krisistye! Party mense sou sê dat hul Christenskap privaat is. Is jy dan 'n getuie? Is my gedrag by die werk tydens 'n vergadering

'n getuienis van my verbondenheid? Kan my kinders of my vrou getuig dat ek onder beheer of leiding van die Heilige Gees leef?

Pinkster 2009 het vir my weer dmv Joh 15:10 die versekering gegee dat:

vervolg bl 4

# Toerusting: Jesus maak ons nuut

## Imago huweliksverryking

### Piet Coetsee:

In God se woordeskat bestaan frases soos "ek is nou maar so gemaak en laat staan," "you can't teach an old dog new tricks" of "a leopard does not change its spots", nie. God wil my regbuig, die gate toestop en vir my neem tot waar Hy bedoel het dat ek moet wees. Dit is alles behalwe 'n "joy ride." In die ou vertaling praat ons van "soos goud gelouter, sewe maal." Instinktief skrum ons weg van loutering. Niemand hou van pyn nie. Maar jy het net een lewe en die vraag is of jy dit so wil deur sukkel?

Een van die mees effektiewe meganismes tot hierdie heling, is jou huweliksmaat. Verandering vind op twee vlakke plaas: die "obvious" gedragsgoed en die meer subtiele goed wat ons vir mense wegsteek, selfs vir ons huweliksmaat. Jou huweliksmaat weet waarskynlik ten minste van die



vervolg van bl 3

## Om met Jesus te leef ...

'Soos die Vader My liefhet, het Ek julle ook lief. Julle moet in My liefde bly.' En dan: 'As julle My opdragte uitvoer, sal julle in My liefde bly, As julle doen wat ek sê!' Hier dink ek weer aan die geboorte wat ons bely, n! Liefde tot God en Liefde tot my naaste!

Maar die doen, die opdragte uitvoer kan ons nooit deur ons eie krag doen nie. "n Loot kan nie uit sy eie vrug dra as hy nie aan die wingerdstok bly nie." NV 'as hy nie aan die druivestok verbind bly nie, want sonder My kan julle niks doen nie.' Dié versekering wat ons ontvang, is vir my die grootste geskenk wat deur Pinkster weer vir ons bevestig is."

Ek het een aand by die Kinderpinkster ingeloer en sommer so 'n warm gevoel om my hart gekry toe ek sien hoe ons kinders saam juig en sing. Ja, dit was lekker om Jesus te dien! Die getal kinders wat hierdie jaar die Kinderpinkster bygewoon het, was die meeste ooit en as jy so in die deur staan en hulle bekijk, weet jy net: hierdie kinders ervaar Pinkster so positief en 'n grondslag word gelê vir wanneer hulle groot is om steeds Pinkster by te woon.

simptome; nie noodwendig die oorsprong nie. Soos hulle sê: "Behind your castle walls ..." gebeur die werklike jy. Jy weet in jou hart dit is waar en die gevolg hiervan is 'n sub-optimale huwelik, 'n gebroke poging tot kinderopvoeding, asook baie minder "blessing" as wat God vir jou in gedagte het in jou werk en jou rol binne die gemeenskap.

In die Bybel staan "julle sal julle ouerhuise verlaat, mekaar aankleef en een word." Vir my gaan dit oor geestelike heling en aanvulling. Dit is 'n kwesbare proses, 'n heilige proses; die mees persoonlike proses wat jy ooit sal hê. Gelukkig is daar iets soos Imago!

## Emosionele Gesonde Spritualiteit

### Colette du Plessis:

Die kursus raak daardie dinge in jou lewe waarvoor jy eintlik nie wil praat nie, maar tog, op 'n vreemde manier, as jy begin praat, wil jy nie ophou nie. Ek is nog elke keer daar weg as 'n "ligter" mens.

### Sandra Jordaan:

Dis goed om weer eens met hierdie toerustingskursus terug te gaan op "spore." Dit is veral aanmoedigend om te vind dat ek aanbeweeg het die afgelope 10 jaar. Verseker 'n bewys van mens se seisoene en baie aanmoedigend dat daar deur genade, groei is. Tog vind ek weer eens fasette wat nou in hierdie fase kop uitsteek en wat aandag sal moet kry. Ek leer ook deur te luister na die ander se stories. Die gesondheidsinventaris is baie insiggewend en rigtingwysend.

### Sonja Swanevelder:

Tot dusver het die kursus my kom wys waaraan ek in my persoonlike lewe moet aandag gee i.t.v. emosionele gesonde spiritualiteit. Die verband met bepeinsende spiritualiteit is baie nou. Al reeds het van die gereedskap gewys hoe om dit gesond te maak, sodat ek volledig kan ontwikkel in die unieke persoon wat God gemaak het. En dan veral ook hoe ongelooflik bevrydend, inspirerend en vredevol dit is om getrou te leef aan die unieke goddelike kind van God wat ek is!

### Annemarie Meyer:

Die onderskeid tussen geestelike volwassenheid en emosionele volwassenheid het my baie gehelp om meer insig in my eie gedrag en emosies te kry, maar ook in dié van mense na aan my. Die simptome van ongesonde emosionele spiritualiteit wat aangeraak is, kon ek almal in 'n meerdere of mindere mate in myself raaksien. So kon ek spesifieke areas identifiseer waaraan ek aandag moet gee.

## Treur en troos

Vir ons wat glo, is die dood die poort tot die Ewige lewe. Dit maak die verlies van 'n geliefde egter nie makliker nie. Hierdie kursus is gesprekke rondom verlies en die hantering daarvan, asook die uiteindelijke besef dat die proses vir elke treurende uniek is. Daar is nie vaste riglyne waarvolgens jy iemand kan troos nie. Die belangrikste is om nie voorskrytelik te wees nie.

### Josey du Plooy:

Ek het die kursus gedoen om myself te bemagtig, want in tye van dood of verlies is ek soms onseker oor wat my te doen staan. Ek het geleer: Die treurende se lewe sal nou vir altyd anders wees. Die rouproses moet nooit aangejaag word nie. Elke mens treur op sy/haar unieke manier - respekteer dit. Die treurende moet ook begrip hê vir die moed wat dit van iemand verg om hom te troos.

### Yolanda Naude:

Lizette gee op 'n sagte, bemagtigende wyse só baie aan waarmee mede-hart-verwonde reisigers die lewenspad sonder geliefdes kan probeer voortstap. Ons moet daarna oplet hoe ons treurendes in ons eie lewe hanteer en waar ons op 'n sagte manier meer begrip kan toon en liefde kan aangee. Ons het deur hierdie besondere kursus verskeie kosbare insette ontvang van 'n kind van God wat hierdie moeilike hartsreis versigtig saam met God deurtrap het.

# Waarom toerusting?

- Ds Gys van Schoor

In Efes 4:11,12 sê Paulus dat die gawes van leierskap aan die gemeente gegee is "om die gelowiges toe te rus" vir hulle dienswerk. Vir die gesonde funksionering van die liggaam van Christus (die kerk) is die toerusting van die lidmate van die allergroutste belang.

Die dissipels van Jesus word juis leerlinge genoem en Jesus het op 'n deurlopende basis hulle onderrig. Die kerk kry ook uit die mond van Jesus die opdrag om dissipels te onderrig in Matteus 28. En terwyl ons daarmee besig is, is Jesus self besig om ons te leer.



Lering vul die prediking aan. In lering het ons baie meer tyd (gewoonlik 'n uur en 'n half teenoor die 20-30 minute van die preek). In lering kan ons stukkie vir stukkie 'n saak bespreek, met vrae en besprekings. Lering het ten doel om dit wat gehoor is, te integreer tot lewensbeskouing en lewenswyse. Christenwees is iets wat ons nooit klaar geleer kry nie.

Die kursusse wat vir die derde kwartaal beplan word, is die volgende:

1. **Simply Christian.** Dit handel oor 'n nadenke van waaroor die Christelike geloof gaan. Ons begeleier is een die wêreld se vooraanstaande Nuwe Testamentici, NT Wright.
2. **Renovation of the heart.** Dallas Willard se kursus oor persoonlike transformasie.
3. **Wat sê die Bybel?** Hoe lees en verstaan ons die Bybel in die lig van aktuele sake soos evolusie en homoseksualiteit?
4. **Gesinskursus.** Hierdie kursus help ouers om Christelike waardes op 'n sinvolle en effektiewe wyse aan hul kinders oor te dra.
5. **Netwerk.** Ontdek jou passie, gawes en roeping, sodat jy jou Godgewe rol en taak kan vervul in die gemeente en die gemeenskap.

Kursusse in die derde kwartaal vind op Maandag aande plaas, 19:00 - 20:30. Inskrywings kan vooraf by die kerkkantoor gedoen word.

# Die kerktuin - 'n nuwe blaadjie!

- Ds Freek Serfontein

Hoeveel keer het ek nie al gewens dat ons die tuin om die pragtige historiese ou kerkgebou kan herbeplan nie? 'n Paar bome, akkers met struik en grond bedekkers wat nie baie water vra nie, minder gras...

Nou het Elsbé Warren dit moontlik gemaak. Sy het vir ons 'n akkurate op-skaal-plan van die regterkant van die kerktuin geteken. By die

eiendomskomiteevergadering besluit ons toe dat ons dit so stuk-vir-stuk sal aanpak. Ons beplan om selfs in die winter nog die 3 koorsbome en die 13 sandoliene in die grond te kry. Dit sal hulle help om te vestig terwyl dit koel en nat is.

As u lus is om te help, sal ons so bly wees. Dit kan wees om in 'n span te help met plantwerk of om te help met die borg van 'n boom of struik. Sodra die eerste akker se gras uit is en die kompos daar is, praat ons weer. Hou gerus die afkondigings op 'n Sondag dop en kom help ons om die wêreld om die kerkgebou mooier te maak.

## Adverteer in SIG

Die kostes vir advertensies is as volg:

Vol blad	R1500-00
Halwe blad	R750
Kwart blad	R375
1/8 blad	R188

Kontak die kerkkantoor by 021 975 6370.

(Die redaksie behou hom die reg voor om advertensies, wat nie pas by die aard van die SIG nie, te weier.)

## Redaksie

Redakteur:

Ds Tinus van Zyl

Redaksielede:

Ds Rian Verster & Jackie Pretorius

As jy op enige wyse betrokke wil raak by die SIG, of die gemeente se kommunikasie in die algemeen, skakel asb vir ds Tinus van Zyl by 083 289 4985.

# Fisantekraal se Créches

- Edith Fehrsen

Jy moet die Here jou God liefhê ... en jou naaste soos jouself.

In Fisantekraal is daar tans 14 huis-crèches waar 410 kinders versorg word. Ons beoog om die kinders van die straat af te kry, hulle te evangeliseer, te beskerm teen seksuele misbruik, en ook hul algemene versorging, opvoeding, dissipline en skoolgereedheid te bevorder.

Om behoorlike toesig te verseker wou ons sorg dat elke créche registreer by Departement van Ontwikkeling. Toesig word gehou, 'n administrasie en boekhoudstelsel word bygehou en verslag word gedoen. Die mamas ontvang gratis opleiding en ook 'n subsidie vir elke kind.

Die minimum vereistes vir registrasie is 'n noodhulpkissie, brandblusser, plafon en wasbare vloer. Matrassies, tafels en stoele, speelgoed en boeke was ook nodig. Die huisies is maar drie of vier vertrekke groot. Ons het besluit om Wendy-huise te bou wat geskuif kan word. Naamborde, omheinings en hekke moes ook voorsien word.

Met die hulp van ons gemeentelêde kon ons help dat die meeste créches geregistreer word en op vier na

is almal dan geholpe. Hulle kan selfstandig bestaan, 'n behoorlike besigheid bedryf en ook help met werkverskaffing deur twee ander hulpe in diens te neem.

Ons is baie dankbaar dat Louw & Coetzee as projek aanvaar het om ons te help om 'n nuwe Wendy-huis op te rig. 'n Pragtige huis van 3 x 12 meter is opgerig met sy eie toilet en kombuisie. Daar is ook 'n afdak by waaronder die kinders droog in die winter en in koelte in die somer kan speel. Die koste het sover R25,070.00 beloop.



Ons soek nog hulp met die loodgieterswerk (R2506.49), die stoepie se sementblad (R781.60), verf vir die mure en plafon (R765.00), vloerbedekking (R3500.00) en 'n draadomheining (R2000.00).

'n Baie groot dankie aan elke gemeentelid wat op een of ander manier 'n bydrae gelewer het. Julle het gesorg dat die Hemelse Vader se liefde prakties gesien kan word.

## 'n Getuigenis van Straatwerk: Bianca

- Lisa Truter

My eerste ontmoeting met Bianca was 'n vreemde een. Sy was aangetrek in 'n spierwit rok, spierwit bloes en spierwit erg gepunte hoëhakskoene. Daardie 'spierwit' aand het sy vir my geskree: "Ek stel nie belang in jou Liewe Jesus storiëttjies nie. Jy kan mos sien — ek is 'n maagdelike bruid, vlekkeloos. Moenie verder met my praat nie, jy jaag my kliënte weg." Min het ek geweet dat ek en Bianca boesemvriende sou word.

Bianca was vir twintig jaar van haar lewe vasgevang in prostitusie. Ek onthou my besoeke aan goedkoop losieshuise en hotelle en agterkamertjies en woonstelletjies en kamers in huise en die groot rondskarrel vir blyplek wanneer Bianca dit weer, vir die soveelste keer, reggekry het om haarself uit 'n blyplek te sit.

Ek onthou hoe my paaie met baie van haar kliënte gekruis het, so by haar voordeur of agterdeur of op die sypaadjie. Menige kere moes sy vir haar kliënte op straat skree: "Sy werk nie op die pad nie, sy is 'n kerkvrou." Daar was die tye wat ek vir haar in psigiatriese hospitale moes gaan kuier het, tye

waar sy erg aangerand in gewone hospitale beland het, tye wat sy wou selfmoord pleeg en God en die mensdom met 'n passie gehaat het. Daar was moeilike tye in ons vriendskap, maar ook wonderlike tye van country musiek luister, rugby kyk en groot bekere tee drink.

Op 23 Januarie 2009 is Bianca skielik op die ouderdom van 38 oorlede. Haar liggaam was opgebruik. Ons het deur die jare baie gesprekke oor Jesus en vergifnis en genade gehad, maar die gesprekke het aan die einde van 2008 verdiep en Bianca het iets van Goddelike liefde begin verstaan. Sy het ook die lewe van prostitusie agtergelaat en ordentlike werk en verblyf gekry. Ons het gesien hoe die vrede van die Here haar deel word.

Ekself het besluit om net die goeie herinneringe met my saam te dra. En 'n boek. 'n Boek waarin Bianca kliënte se telefoonnommers en adresse neergeskryf het. 'n Boek waarin sy probeer het om haar begrotings uit te werk, 'n boek waarin sy gebede neergeskryf het vir meer kliënte en 'n boek waar sy party kliënte se name en adresse doodgekrap het met die woorde: NEVER AGAIN.

Die boek herinner my aan die feit dat prostitusie werklik bestaan en dat dit geen glansryke 'Pretty Women' wêreld is nie. Die boek herinner my daaraan dat die **Waardevol vir Jesus Veldtog** uiters belangrik is en dat almal gewaarsku moet word teen die vernietigende lewe van prostitusie.

Bianca, vandag is jy inderdaad die Here se vlekkelose bruid.

# KIX-Kinderkrans

- Lezjé van Zyl

Durbanville Gemeente se kinders het van 12 Mei af begin met KIX. KIX staan vir Kinders in Christus en is die nuwe naam vir Kinderkrans. Die kinders kom Dinsdae bymekaar en is in twee groepe verdeel, naamlik Voorskool tot Graad 3 (16h00-16h50) en Graad 4 tot Graad 6 (17h00-17h50).

Die Voorskoolse tot Graad 3-kinders is verkleurmannetjies hierdie jaar en gaan meer leer oor die Evangelie kleure, wat in kort ons verhaal as Christene is. Goud staan vir God is Koning, Swart is vir Sonde, Rooi is vir Jesus se bloed, Wit beteken dat ons rein is en Groen verwys

na Geestelike Groei. Ons gaan die betekenis van die kleure ontdek deur prettige aktiwiteite. Dit is 'n uur propvol sing, speel en JESUS!



KIX vir die Graad 4 tot 6-kindere gaan kyk na spesifieke eienskappe van kinders van God. Wat maak ons anders en hoe moet ons lewe as dissipels van Jesus?

Ons as gemeente is waarlik opgewonde oor KIX. Indien jy meer inligting verlang, kontak vir Lezjé van Zyl by (021) 975 6370 x 22 of [leug@durbanvillegemeente.co.za](mailto:leug@durbanvillegemeente.co.za).

## Familiengewoontes

### - Vier die Christelike jaar in die huis (Deel 1)

- Rhoda van Schalkwyk

Sedert Tinus van Zyl met my begin praat het oor wat dit prakties beteken om deur die jaar die Christenfeeste huis toe te bring en uit te leef met jou gesin, speel daar 'n tafereel af in die album van my onthou: 'n Paasdiens bo-op 'n robynmyl voor die son die vlakke buite Kimberley laat sing; die melankolie van 'n trompet taptoe in 'n Worcesterbegraafplaas, die blinkoogafwagting van kleuters wat kerse doodblaas en "veels geluk liewe kê-herk ohom dat jy vejaa" sing.

'n Ateïs-vriend het eenmaal opgemerk hoe baie ons gesin feesvier, dat daar soveel vreugde blyk te wees. Vreugde, feeste, gasvryheid, Christenwees is vir my skakerings van dieselfde kleur. Pieper stel dit beter: "The real thing we are wishing is the success of the festive celebration itself, not just its outer forms and enrichments, not the trimmings, but the gift that is meant to be the true spirit of the festival: renewal, transformation, rebirth."

Benewens die getuienismootlikhede wanneer buitestaanders 'n fees opmerk, het ons – ons gesin, ons mense – ons sintuie nodig om ons onsigbare geloof in te oefen, te herdenk en gestalte te gee in ons lewensritme. Koop dan 'n haak vir die voordeur en

hang iets daaraan om te herinner ... iets soos 'n palmtak, 'n doringtak of doringkrans, blomme, koringare, 'n tros hout-engele of bokkoms, en vergeet nie die betowering van 'n dennetakkrans nie.

Elke gesin moet die rituele vind wat kinders jaarliks sal trek om saam met ouers te gaan aanbid. Soms moet die Christene in die groter familie meer dien, meer skiet gee sodat die saamtrek meer as 'n vakansie-ete is: moeie is die manier. Daai hele ding van 'werk is liefde in aksie' of is dit nou 'liefde is werk in aksie'? Ons het al gesien dat met silwer seewier en seepampontjies, hopies seesand met kerse in en 'n boekmerk/naamkaartjie vir elke gas met die woorde van Somerkersefees om te sing i.p.v. 'n tafelfebed; 'n gewoonte-ete 'n liefdesmaal maak.

Hierdie storie vervolg in die volgende SIG. Indien jy belangstel om 'n werkwinkel by te woon oor hoe om die kerklike jaar en kerklike feeste in jou huis te vier, kontak vir Rhoda van Schalkwyk by 021 976 3972, of vir Tinus van Zyl by [tinusvz@durbanvillegemeente.co.za](mailto:tinusvz@durbanvillegemeente.co.za)



# Durbanville Voedsel- en Wynfees - 18 April 2009

- Dalene de Bruin & Reneé Pretorius

Dit was weer tyd om ons jaarlikse Voedsel- en Wynfees te hou, en hierdie jaar het ons besluit om GROOT te gaan!!! Ons was ingestel op die hele Durbanville gemeenskap, om almal te nooi om deel te wees van hierdie heerlike dag. Wow, wat 'n ondervinding!

Daar was baie hoogtepunte op die dag. Die kinders het hulle gate uit geniet op die ophys-rit, rekspring, watergly (al was dit bietjie koel) en soveel meer. Pannekoek was soos gewoonlik 'n wenner en in die teetuin het oud en jonk saamgekuier met 'n lekker stukkie koek en tee. Hein van Epiphany het gesorg vir musiekvermaak en kunstenaars het die geleentheid gehad om hul skilderye uit te stal vir almal om te besigtig en te koop. Daar is ook heerlik gekuier in die wyntent waar jy kon wynproe en selfs 'n paar bottels wyn van die gesogte Boutique-wyne kon koop en huis toe neem. Die potjiekos was ook 'n treffer! Martelize Brink van RSG was daar om die manne se potte te beoordeel. Ons het sommer 'n hele paar uitstekende kokke in ons midde.

Ons het 'n wonderlike span van 120 gewillige slawe gehad wat hierdie dag spesiaal en suksesvol gemaak het. Natuurlik gaan ons grootste dank aan ons Hemelse Vader wat hierdie dag vir ons moontlik gemaak het. Ons nooi jul uit om nou al deel te word van die beplanning rondom volgende jaar se fees. Ons het soveel positiewe terugvoer gehad van buite die gemeente en het insette en hulp met besigheidskontakte nodig om volgende jaar weer groot fees te vier te Durbanville Renbaan.



Dalene & Reneé

